V&R Pta

VAN SCHAIK
67 6.95

Universiteit van Pretoria

# OPVOEDING EN ONDERWYS ONDER MAATSKAPLIKE DRUK

# OPVOEDING EN ONDERWYS ONDER MAATSKAPLIKE DRUK

PROF J W M PRETORIUS

Intreerede gelewer op 26 Augustus 1986 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Psigo- en Sosiopedagogiek, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria.

## CURRICULUM VITAE
## PROF J.W.M. PRETORIUS

Jacobus Willem Martinus Pretorius is op 2 Februarie 1936 in Durban gebore. Hy matrikuleer in 1953 aan die Hoërskool Stoffberg, Brakpan.

In 1954 skryf hy aan die Universiteit van Pretoria in, waarna hy aan die einde van 1956 die BA-graad verwerf; in 1966 die BEd-graad; in 1967 die MEd-graad *(cum laude)* in Kliniese Kindersielkunde en Geestesgesondheidsorg en in 1970 die DEd-graad in Psigopedagogiek. Hy het ook die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma in 1957 aan die Onderwyskollege Pretoria verwerf.

Professor Pretorius het vir agt jaar in Pretoria en aan die Rand onderwys gegee, en in 1966 word hy as navorsingsassistent in die Kinderleidinginstituut aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In 1968 word hy tot lektor in die departement Psigo- en Sosiopedagogiek bevorder, in 1971 tot senior lektor, in 1981 tot medeprofessor, in 1982 tot professor en op 1 Januarie 1986 tot hoof van die departement.

In 1985 het hy 'n navorsingstoekenning van die SAUK ontvang, en besoek professor Pretorius die VSA en Israel in verband met 'n navorsingsprojek oor uitsaai-onderwys. Hy het reeds 'n aantal kontrak- en ander navorsingsprojekte onderneem. Resente en huidige projekte is onder meer: Kompensatoriese onderwys; die aanwending van radio en televisie in kompensatoriese onderwys; die vormingseffek van 'n reeks opvoedkundige televisieprogramme op Swart stedelike adolessente; en voorkomssyfers van die verskillende kategorieë van gestremdheid onder Swartkinders.

Hy is outeur en mede-outeur van etlike boeke, populêre en wetenskaplike tydskrifartikels en navorsingsverslae, veral op die terrein van die Psigo-, Orto- en Sosiopedagogiek.

Professor Pretorius dien verder op besture en werkkomitees van verskeie instansies wat met opvoedkundige aangeleenthede gemoeid is. Hy is voorsitter van die Belangegroep Sosiopedagogiek van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde, lid van die Transvaalse Onderwysersvereniging en Sielkundevereniging van Suid-Afrika. Hy is ook by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad as opvoedkundige sielkundige geregistreer.

Ek versoek nou vir professor Pretorius om sy intreerede te lewer oor *Opvoeding en Onderwys onder maatskaplike druk.*

Geagte Meneer die Rektor,
Geagte Meneer die Dekaan,
Geagte Kollegas van hierdie universiteit en elders,
Dames en here studente,
Gewaardeerde gaste.

## 1. Inleiding:

Hierdie rede is 'n poging om in 'n opvoedkundige makro-perspektief die gesinsopvoeding en die onderwys in verband te bring met die talle maatskaplike, ekonomiese en kulturele invloede van ons tyd en van ons samelewing. Dit is 'n welbekende sosiopedagogiese feit dat opvoeding- en onderwyssituasies in die maatskaplike werklikheid ingebed is — in ons tydsgewrig is opvoeding en onderwys aan 'n besondere, realisties-grote beïnvloedingsruimte en 'n benouende drukgang blootgestel, en dit gaan hier om 'n probleem-gerigte analise van die talle maatskaplike kragte wat 'n dominante druk en invloed op die gesinsopvoeding en die onderwys uitoefen.

Om te verklaar dat ons maatskaplike situasie snel verander, en dat ons tyd en ons samelewing gekenmerk word deur 'n reeks radikale en ingrypende veranderinge, is 'n onderbeklemtoning. Dit lyk inderdaad of niks stabiel bly nie. Ons bevind ons in 'n situasie van gistende onbestendigheid en onsekere bestemdheid, en niks wys daarop dat daar binnekort 'n einde aan gaan kom nie. Omdat so baie vanselfsprekendhede uit ons lewens verdwyn het, ervaar ons 'n mate van toekomsskok. Vir baie mense is hierdie maatskaplike veranderinge 'n pynlike ervaring, aangesien hulle hul eie norme, standaarde en konsepte van stabiliteit gevestig het; vir talle is dit 'n ontstellende, disoriënterende en selfs neurotiserende ervaring. Vir hulle is die ''groot vyand'' nie slegs die feit van maatskaplike verandering nie, maar ook hulle eie persepsie daarvan (Morrish, 1980: 77).

Ons bevind ons in 'n uiters problematiese en gekompliseerde maatskaplike situasie, en 'n besondere, veeleisende, bemoeilikte opvoeding en onderwys word vereis om hierdie toestand te onderspan. Daarom beleef ons tans die problematiese ten opsigte van opvoeding en onderwys meer intens as ooit vantevore.

Ten spyte hiervan behou die kind sy onvervreembare reg op 'n toereikende opvoeding, voldoende onderwys en optimale geleentheid tot selfaktualisering. Die moontlikhede vir die optimale selfaktualisering van die kind het in ons samelewing groter geword, maar eweneens die probleme in dié verband.

Die opvoedkundige het die opgawe om telkens vanuit die verwysingsraamwerk van sy dissipline krities te besin oor die dinamiese wisselwerking en wedersydse beïnvloeding tussen opvoeding en samelewing, en om die opgawe en die uitdaging wat aan hom gestel word uit hierdie besinning en ondersoek af te lei.

## 2. **Probleemafbakening:**

Opvoeding en onderwys het as doel die optimale vorming van die persoonlikheid van die kind, gerig op sy krities-kreatiewe integrasie en sosialisering in die hedendaagse dinamiese maatskappy en kultuur (Wielemans, 1984: 19)

Opvoeding en onderwys is feitlik ingebed in die struktuur en dinamiek van ons samelewing, en probleemvrae, wat uit ons huidige maatskaplike situasie ten opsigte van bogenoemde doelstelling ontstaan, is die volgende:

— Watter eksplisiete en implisiete eise word vanuit die samelewing gestel aan die adres van ons opvoedingsinstellings, te wete die gesin en die skool?

— In watter mate word die opvoeding in gesin en skool beïnvloed en medebepaal deur die struktuur en dinamiek van ons samelewing?

— Kan gesinsopvoeding en onderwysdoelstellings konstant bly in 'n snel-veranderende samelewing en in ons huidige krisismaatskappy?

— Funksioneer ons twee belangrikste opvoedingsinstellings (die gesin en skool) toereikend wat betref die eise, verwagtinge, probleme en uitdagings wat die samelewing stel?

— Moet ons die eise van die maatskaplike lewe as norm vooropstel en vandaar uit die opvoeding en onderwys beoordeel?

— Kan ons die opvoeding en onderwys disfunksioneel noem as dit nie aangepas is aan die eise van die samelewing nie?

— Met watter belangrike aspekte van ons samelewing moet ons die kind en jeugdige konfronteer sodat hulle as demokratiese burgers medeverantwoordelikheid kan aanvaar vir die konstruktiewe uitbou van ons komplekse samelewing?

Nie alleen die strukture en inhoude van opvoeding en onderwys kom onder maatskaplike druk en beïnvloeding nie, maar ook die Opvoedkunde, aan



wie die dringende opgawe gestel word van teorievorming en empiriese ondersoek in dié verband.

Dit behoort duidelik te blyk dat die konsep "maatskaplike druk" enersyds impliseer dat bepaalde relevante eise, uitdagings en ook selfs byna onoorkoomlike probleme vanuit die samelewing ten opsigte van opvoeding en onderwys gestel word — dit is eise en probleme wat nie slegs uit die maatskaplike situasie van die tagtigerjare voortspruit nie, maar ook dié wat deur ons antisipasies ten opsigte van 'n toekomssamelewing geïmpliseer word. Andersyds is daar bepaalde opvoedingsbelemmerende faktore in ons samelewing werksaam wat aan die opvoeder 'n bemoeilikte opgawe stel.

Opvoeding en onderwys onder maatskaplike druk gee daartoe aanleiding dat die opvoeder en die opvoedkundige die huidige situasie as problematies en dikwels soms selfs as perspektiefloos belewe, in dié sin dat ons vanuit die disoriëntasie van die hede nie uitsien na die toekoms nie, omdat ons dit met kollektiewe gevoelens en kommer, onsekerheid en handelingsverleentheid beteken.

## 3. **Die onderwys onder maatskaplike druk:**

"Today's society is so complex that it is difficult not to be overcome by the responsibility for understanding it — particularly, understanding it to the point of being able to interpret its needs correctly and to plan educational programs appropriate to those needs", aldus Neubauer (Ragan, 1976 : 78).

Die antwoord op die vraag na die onderwysuitdagings van die tagtigerjare én van die verdere toekoms moet waarskynlik voorafgegaan word deur antwoorde te soek op twee klassieke vrae ten opsigte van die dinamiek van ons samelewing en die samehang tussen volwassenheid, opvoeding en maatskappy:

(i) Waarvoor moet ons opvoed? Met ander woorde: Watter eise gaan aan volwassenheid gestel word in 'n toekomstige samelewingsopset?

(ii) Hoe moet ons opvoed?

Wanneer die eise, verwagtinge en uitdagings vanuit die samelewing ten opsigte van die onderwys in oënskou geneem word, moet ons die feit in gedagte hou dat die grootste meerderheid van ons huidige skoolbevolking vir 'n aantal dekades in die 21ste eeu nog sal lewe en werk. Daarby het opvoedingsdoelstellings nie slegs betrekking op ideale in verband met die volledige ontplooiing en vorming tot volwassenheid van elke kind nie, maar eweseer op verwagtinge van 'n meer maatskaplike en kollektiewe aard.

In ons samelewing word van die onderwys verwag om by te dra tot:

- ekonomiese vooruitgang en welvaart
- die herstel van werkgeleenthede
- meer maatskaplike regverdigheid en gelykheid
- die uitbou van 'n demokratiese samelewing
- meer politieke bewuswording, wat die politieke sosialisering van die opvoedeling impliseer
- meer maatskaplike weerbaarheid
- die verbreding van kultuurdeelname
- meer welsyn vir almal (Wielemans, 1984 : 236).

Ons kinders moet dus opgevoed en onderrig word om 'n konstruktiewe deelgenootskap aan die samelewing te kan verwerklik, veral ten opsigte van die ekonomies-tegnies-wetenskaplike samelewingsektor en die sektor van sosiale en interkulturele kontakte. Hulle moet uiteindelik as volwassenes op norm-erkennende en waarde-eerbiedigende wyse met ander kan saamlewe en saamwerk in hierdie land.

Sekerlik een van die opvallendste kenmerke van ons tydsgewrig is die snelle verandering en ontwikkeling op ekonomiese, tegnologiese en wetenskaplike gebied. Ons het die opgawe om met ons institusionele en buite-institusionele onderwysvoorsieninge tred te hou met 'n snel-veranderende, vertegnologiseerde, konsumerende, geïndustrialiseerde, pluralistiese, prestasiebehepte en kennis-akkumulerende maatskappy. Ons dra die verantwoordelikheid om die opkomende generasie in 'n kultuurwêreld in te lei wat in omvang en kompleksiteit toeneem. Dit is verder ons opgawe om deur middel van hoë-kwaliteit onderwys 'n belangrike positiewe invloed uit te oefen op maatskappy-sisteme soos byvoorbeeld die produksie-sisteem, veranderende sosiale en maatskaplike strukture, die politieke sisteem, die ekonomiese sisteem, ens. Ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling stel hoë eise wat betref die bekwaamheid en geskooldheid van ons mannekrag. Die gemiddelde lewenstandaard van ons blankes is van die hoogste in die wêreld, en ons sou graag ons gesofistikeerde lewenstyl wou handhaaf. Ons gekleurde bevolkingsgroepe ervaar egter in 'n groot mate armoede en deprivasie, en strewe na 'n verhoogde kwaliteit van lewe.



Dit is slegs deur ekonomiese en tegnologiese ontwikkeling dat 'n bevredigende lewensgehalte deur elke individu en bevolkingsgroep in die land bereik kan word. Dit is 'n oorbekende feit dat ons nie produktief genoeg werk nie, en dat ons nie die mannekragpotensiaal van ons land optimaal benut nie. Menslike hulpbronne is die werklike beslissende faktor in die ekonomiese ontwikkeling van enige land.

Dit word hedendaags deur ekonome beklemtoon dat die menslike element — die verworwe vaardighede, kennis en vermoëns van mense — ingesluit moet word wanneer na die konsep **kapitaal** verwys word. Belegging in menspotensiaal beteken ekonomiese groei, en ". . . the key investment in human capital is education", aldus Schultz (Ragan, 1976 : 95).

Ons onderwysstelsels sal in 'n toekomstige bedeling 'n strategiese posisie beklee as hoofdeterminante van die ekonomiese, politieke, maatskaplike en kulturele gesteldheid van ons samelewing, en relevante en hoë-kwaliteit onderwys het dus 'n allerbelangrike en dringende eis geword. In die volgende dekades gaan onderwys 'n beslissende faktor wees in ons oorlewingstryd.

Tydens die afgelope eeu het industrialisasie en verstedeliking die sosio-ekonomiese en kulturele orde van ons samelewing radikaal verander. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n tegnologiese kultuur en 'n aantal geïndustrialiseerde "eilande" te midde van volkere met nie-tegnologiese kulture en voorindustriële lewensomstandighede. Ons land ontwikkel nog steeds, en ons het byvoorbeeld reeds die elektroniese era betree. Die maatskaplike en ekonomies-tegnologiese kompleksiteit van ons samelewing vereis voortdurende onderwysvernuwing. Die voorbereiding van die kind ten opsigte van hierdie maatskaplike kompleksiteit bepaal die aard en die inhoud van ons onderwysvoorsieninge. Hoe komplekser en "moderner" die samelewing is waarin die skool funksioneer, hoe hoër is die eise wat aan die skool gestel word.

Industrialisasie en verstedeliking het verder beteken dat in ons verstedelikte samelewings 'n kulturele heterogeniteit ontstaan het. Die etniese samestelling van ons groeiende stedelike bevolking stel aan ons onderwysstelsels die massiewe taak van assimilasie en akkulturasie, om veral die Swart migrantekind met sy andersoortige en tradisionele kultuur in die kulturele hoofstroom van ons Westerse beskawing te bring. Onderwys en opleiding sal 'n groot bydrae moet lewer om die agterstande van ons Swart bevolkings op te hef.

Wat betref die hedendaagse eis om gelyke en gemeenskaplike onderwys, ontstaan die vraag of ons 'n eenvormige skoolervaring op 'n multikulturele

samelewing kan afdwing, en die komplekse opgawe word aan ons gestel om in ons onderwysvoorsieninge die kulturele heterogeniteit van ons skoolbevolking te akkommodeer. Vergelyk in dié verband die volgende uitsprake: "the greatest inequality of the persent age is the equal treatment of unequals" (S Stubbs). "In any concept of planning in society, one (has) to bear clearly in mind that one (is) planning not for a homogeneous group of people with precisely the same thought-forms and thought-styles, but for a heterogeneous group with different habits, life-styles, values and concepts" (Morrish, 1980: 47).

Die ontwikkeling en verandering wat industrialisasie en verstedeliking meebring, het 'n betekenisvolle invloed op die onderrig wat inhoud en vorm betref. Kurrikulums is aan voortdurende hersiening onderhewig. Tradisionele leerinhoude moet vervang word met vakke wat as relevanter vir die moderne wêreld beskou word — die nie-veranderende moet deur die veranderende vervang word. Kennishorisonne in die natuurwetenskappe, geesteswetenskappe, wiskunde en tegnologieë word voortdurend uitgebrei. Daarom is voortdurende onderwysvernuwing noodsaaklik, sodat die onderwys relevant kan bly.

Die uitstaande kenmerk van ons huidige tyd is snelle verandering. Die volgende begrippe word deur verskillende outeurs gebruik om hierdie snelle verandering in die samelewing te beskryf (Pretorius, 1981 : 121):

- "a fantastic change in the rate of change"
- "die samelewing is besig om dol te draai"
- "pressure of time"
- "elke jaar tel vir tien"
- "eskalasie van verandering"
- "overwhelmed by change"
- "asof die toekoms soos 'n onverwagte besoeker te vroeg en te snel op ons aankom".

Meer verandering vind nou plaas in enkele jare as wat ons voorouers in 'n leeftyd ervaar het. Wetenskap, uitvinding en tegnologie het 'n versnelling van die veranderingstempo meegebring. Die lewenspatroon van die individu en die funksie van die gesin het verander, gemeenskapsgrense word uitgewis, die funksies en verantwoordelikhede van die staat het uitgebrei en ons rekreasie- en vryetydsaktiwiteite het verander. Ons lewe te midde van ekonomiese, maatskaplike en wetenskaplik-tegnologiese revolusies, te midde van 'n vuurstorm van verandering met 'n ongekende trefkrag wat eerder toeneem as afneem, wat daartoe aanleiding gegee het dat die strukture en funksies van talle van ons sosiale instellings verouderd geraak het (ons onderwysinstellings!?), en die behoefte het ontstaan om die



breinkrag van die mens soos nog nooit vantevore nie aan te wend om die probleme van ons tyd op te los. As ons nie daarin kan slaag om ons maatskaplike, ekonomiese, politieke en opvoedkundige middele aan te wend om die dringende eise van ons tyd te hanteer nie, sal ons in milieu-gestremdheid verval of deur toekomsskok oorweldig word.

Ons lewe in die era van elektronika, tegnotronika, interplanetêre reise, rekenaars, massakommunikasiestelsels, kernenergie, inligtings- en kennisontploffing, ens. — skouspelagtige ontwikkelinge wat ons lewens radikaal verander, en aan ons die eis stel om probleme te hanteer wat al hoe meer ingewikkeld raak, ook wat betref die sosiaal-maatskaplike implikasies van hierdie ontwikkelinge en veranderinge.

Die implikasies van die sosiologiese feit van snelle verandering word deur Ragan (1976 : 81) soos volg gestel: "Pupils must be taught to think for themselves and to develop solutions to problems rather than merely to memorize answers; curriculum making must be a continuous process in order to keep pace with rapidly changing conditions; and a more intimate relationship must exist between what is taught in school and what is happening in the society. In short, education for social change must be recognized as a necessity".

Wetenskap en tegnologie beteken hedendaags vir ons 'n hoër lewensgehalte maar dit het ook ons lewens ingewikkeld gemaak. Van die individu in ons samelewing word vereis om voortdurend met ander te kommunikeer, sodat mense kan baat by die dienste wat ander aan hulle kan lewer. Ons het so gewoond geraak aan die voordele wat spruit uit wetenskap en tegnologie, uit spesialisasie en arbeidsverdeling en uit die uitruil van goedere en dienste, dat ons geneig is om die sosiaal-betekenisvolle feit mis te kyk dat die interafhanklikheid tussen individue, sosiale groeperinge en gemeenskappe meer begrip, vaardigheid en samewerking op die gebied van interpersoonlike en tussengroep verhoudinge vereis as wat byvoorbeeld in die voorindustriële era nodig was.

Hedendaags het 'n groot deel van ons bevolking verstedelik, en voorsiening aan die behoeftes van die stadsmens het noodwendig koöperatiewe ondernemings geword. Gemeenskappe is afhanklik van gemeenskappe, en state is afhanklik van state, wat die voorsiening van dienste en goedere betref. Die welsyn van die individu word in 'n groter mate bepaal deur wat in ander lande en gemeenskappe gebeur. Die wêreld het 'n "global village" geword, en geen individu, groep of gemeenskap kan geïsoleerdheid bekostig nie. Die skool het dus die taak om die kind tot goeie (intelligente) burgerskap op te voed — ook tot goeie wêreldburgerskap. In sy laaste toespraak, wat hy geskryf het maar nooit gelewer het nie, het Franklin D Roosevelt (Ragan,

1976 : 81) soos volg verklaar: "We are faced with the pre-eminent fact that if civilization is to survive, we must cultivate the science of human relationships — the ability of people of all kinds to live together and work together in the same world, at peace".

By die ontwerp van die skoolkurrikulum moet hierdie interafhanklikheid, wat ons samelewing kenmerk, in aanmerking geneem word. Die kind moet leer om as lid van 'n groep sinvol deel te neem aan die beplanning en uitvoer van projekte en take. Hy moet leer om saam te werk om gemeenskaplike doelstellings te bereik. Hy moet bewus gemaak word van die interafhanklikheid tussen mense en groepe. 'n Skoolvak soos byvoorbeeld Sosiale Studies moet bydra tot interkulturele begrip.

Wat die digotomiese aard van ons samelewingsopset betref, die volgende: In die bevolkingsamestelling van ons land kan twee hoofbevolkingsgroepe onderskei word, te wete die milieu-begunstigdes en die milieu-gestremdes. Die milieu-begunstigde eerste-wêreld komponent van ons samelewing word hoofsaaklik gekenmerk deur ontwikkeling, vooruitgang, welvaart en massakonsumpsie; die milieu-gestremde derde-wêreld-komponent hoofsaaklik deur onderontwikkeling, agterlikheid, armoede en verstokenheid. Laasgenoemde maak verreweg die grootste deel van ons bevolking uit. Weens sy armoede en kulturele andersoortigheid is die milieu-gestremde nie daartoe in staat om toereikend te funksioneer in die dominante kultuurmilieu van die hoofstroom van ons samelewing nie, en die probleme van onderwysvoorsiening aan die milieu-gestremde kind, die opheffing van milieu-gestremdheid en die akkulturasie van die kultureel-andersoortige bevolking het in ons land uiters aktueel geword. In dié verband kan die volgende drie uitsprake gemaak word:

- volgens Westerse onderwysstandaarde is byna al die kinders uit die nie-tegnologiese kulture van ons land milieu-gestrem
- weens die verstedeliking van die Swartes en hulle hoë geboortesyfer het die probleem van onderwys aan milieu-gestremdes wesenlik die probleem geword van onderwys aan milieu-gestremde Swartes
- kinders uit die ontwikkelende bevolkings moet naas die lae kognitiewe en kultuur-opvoedkundige vlak van hul gesinsmilieu ook nog hul voete in 'n vreemde kultuuropset vind (Pretorius, 1986).

Die impak van die bevolkingsontploffing onder die Swartes op ons samelewing en op ons onderwysstelsels is klaarblyklik. Hoe sal hierdie addisionele miljoene werkgeleenthede en 'n bevredigende lewensgehalte bekom? In watter soort huise en gemeenskappe sal hulle woon? Watter



geleenthede sal hulle kinders hê vir 'n toereikende onderwys? Hierdie is nie alleen vir die staat, industrie en arbeid lewensbelangrike vrae nie — ons skole en ons onderwysstelsels is ook betrokke.

Die skouspelagtige vermeerdering van die Swart leerlingbevolking (meer as 6 miljoen in die RSA en die Swart state in 1986) het vir ons byna onoorkoomlike ondewysprobleme geskep, byvoorbeeld met betrekking tot finansiering, administrasie, taalonderrig en die voldoende voorsiening van opgeleide onderwysers en basiese onderwysfasiliteite. Daardeur is pogings belemmer om die aandag te fokus op die verbetering van die kwaliteit van die onderrig. "Die RSA ontwikkel toenemend in 'n samelewing wat nie die mislukkings van sy onderwysstelsels kan absorbeer nie. Ons dringende opgawe is om effektiewe onderwys te voorsien vir die verskeidenheid van milieu-gestremde kinders wat nie deur middel van die gangbare onderwysstelsels tot hulle reg kom nie. Die ekonomiese, maatskaplike en opvoedkundige opheffing van die milieu-gestremde massas in die RSA het 'n dringende eis geword. Ons kan nie toelaat dat 'n groot deel van die bevolking van die RSA ongeletterd en onproduktief bly en swak lewensomstandighede handhaaf nie, en sodoende 'n plofbare maatskaplike situasie laat voortduur nie" (Pretorius, 1986 : 3 en 4).

Die vraag kan egter gevra word na die mate waarin die bestaande skole en onderwysstelsels in die RSA aan die agterstande en behoeftes van die meerderheid van die skoolbevolking van ons land voorsien, en of ons nie in terme van iets totaal anders moet dink om aan hierdie meerderheidsbehoeftes te kan voorsien nie, byvoorbeeld nie-formele onderwys en kompensatoriese onderwys. As hierdie vernuwing nie spoedig verwerklik word nie, kan ernstige krisisse die uitkoms wees, in die vorm van opstandige jeugdiges, werklose volwassenes en ekonomies-gestremde sosiale groeperinge in ons land (Pretorius, 1986 : 4 en 5).

Omdat ons nie betyds besondere aandag aan die opvoeding, onderwys en opleiding van die milieu-gestremde jeugmassa in ons land gegee het nie, het hulle as sosiale groepering vir die staat en die samelewing "sosiale dinamiet" (Lonant) geword, wat ons maatskappy en ons stelsels ontwrig.

"Education is one of the surest means of helping blacks — or any culturally disadvantaged people — participate in die dominant culture and derive the benefits that accrue from that participation. Education can be the passport", aldus Johnson (1970 : 47).

## 4. Die problematiese gesteldheid van die onderwys in die RSA:

By 'n "diagnostiese" analise van die huidige gesteldheid van die onderwys

in die RSA gaan dit om die vraag of ons skole en onderwysstelsels effektief daartoe bydra dat elke leerling sy potensiaal verwerklik; of die skool sy sosialiseringstaak toereikend uitvoer; of huidige onderwysvoorsieninge genoegsaam verband hou met ons tyd, plek en omstandighede — of dit genoegsaam voldoen aan die eise van die laaste twee dekades van die twintigste eeu, en met geantisipeerde toekoms-eise.

Dat daar allerweë kommer heers oor die kwaliteit, relevansie en toekomsgeoriënteerdheid van die onderwys vir al die bevolkingsgroepe van ons land, ly geen twyfel nie. Dit is asof by die man op straat die intuïtiewe aanvoeling bestaan, en by die opvoedkundige die vaste oortuiging heers, dat voorsiening vir die oplossing van die maatskaplike en ekonomiese probleme van ons land in elke geval vir die rekening van die onderwys moet gaan. Daar heers 'n intense verwagting ten opsigte van spesifiek die onderwys om 'n beslissende rol te vervul in die oplossing van die sleutelprobleme wat ons gemeenskappe teister. Daarby is almal terdeë bewus van die feit van die skynbare afwesigheid van betekenisvolle aanpassings aan die eise van die tyd van die kant van die institusionele onderwys. As ons nie aan dié eise kan voldoen nie, sal ons dieselfde aantyging moet verduur wat tydens die sestigerjare teen die onderwys in die VSA gemaak is, naamlik "Education is too important to leave it to the educators" (Goodlad).

Die volgende is voorbeelde van die talle probleemareas wat uitdagings aan die onderwys bied: die voorsiening van gelyke onderwysgeleenthede — dit is onderwys wat maatskaplike ongelykhede sal ophef en nie bestendig nie; onderwysfinansiering; die opleiding van onderwysers, opleiers en instrukteurs, om veral in Swart onderwys die agterstand met betrekking tot gekwalifiseerde onderwysers uit te wis — dit is alleenlik die bekwame en goed-opgeleide onderwyser wat hoë-kwaliteit onderwys kan genereer; probleme met betrekking tot die strukturering van onderwysbestuur, die voorsiening van onderwysfasiliteite, die wisselwerking tussen formele en nieformele onderwys, loopbaanonderwys — om die oormatige aksent op voorbereidende akademiese onderwys, die gepaardgaande verwaarlosing van beroepsopleiding en die probleemverskynsel van die "geleerde" werklose op te hef; taalonderwys; voorskoolse kompensatoriese onderwys vir die Swart kind; kurrikulering met 'n sterk toekomsrelevansie; die meerdere betrokkenheid van ouers en die privaatsektor by die onderwys; basiese onderwys vir die ongeletterde volwassene; gedifferensieerde na-basiese onderwys; rekenaargeletterdheid; voldoende onderrig in die natuurwetenskappe en Wiskunde; onderwysondersteuningsdienste; die voorsiening van onderwys wat aan die eise, behoeftes en verwagtinge van die leerders en van die samelewing sal voldoen; relevante en effektiewe hoë-kwaliteit onderwys, wat die kind moet voorberei vir die konkrete eise van kulturele situasies wat ons tans nie ten volle kan antisipeer nie, en hom moet toerus



met vaardighede en waardes om onbekende situasies te kan hanteer; politieke besluitneming ten opsigte van die onderwys, ens. Verder sal ons onderwysvoorsiening moet rekening hou en tred hou met die volgende: werkloosheid, die bevolkingsontploffing onder die Swartes; gemeenskapsontwikkelingstrategieë wat beplan word; maatskaplike verandering; eise om politieke en sosiale geregtigheid; die multikulturele aard van ons samelewing; tegnologiese, ekonomiese en wetenskaplike ontwikkeling en die gepaardgaande mannekragbehoeftes, ens.

Dit is sekerlik die dringendste opgawe wat aan die onderwys gestel word om die onderwysagterstande van die milieu-gestremde gemeenskappe en bevolkingsdele van ons land uit te wis. Intense ontevredenheid en frustrasie ten opsigte van Swart onderwys het tydens die afgelope dekade daartoe aanleiding gegee dat massas Swart jeugdiges telkens in opstand kom. Die verskynsel, dat die jeug, weens hul ontevredenheid met onderwys wat hulle as ontoereikend en irrelevant beskou, in opstand kom, is nie vreemd in die wêreld nie. Tydens die wêreldwye studenteopstande en jeugonluste van die sestigerjare was die onderwysprobleem een van die hoofkonflikareas waaroor die jeug in beweging gekom het. Die skole en universiteite van daardie jare was nie daartoe in staat om die massa jeugdiges van die naoorlogse "baby boom" en gevolglike "student boom" te akkommodeer nie. Die jeug van die wêreld was woedend en verbitterd. Hulle was in opstand oor ontoereikende geboue en fasiliteite, en oor verouderde en lewensvreemde leerstof, wat hulle nie ten opsigte van die behoeftes van die industriële maatskappy voorberei het nie. Die ontevredenheid van die jeug het daartoe gelei dat in 1965 daar by meer as 2 000 universiteite studente-onluste was.

Diane Ravitch van die VSA betitel haar omvattende werk, waarin sy die geskiedenis van die Amerikaanse onderwys vanaf 1945 tot 1980 beskryf, "The Troubled Crusade", en laat die fokus val op aktuele aspekte van die Amerikaanse onderwys soos ras en onderwys, onderwyshervorming en die invloed van radikalisme en ander politieke beskouinge op die onderwys. Sy verwys onder andere na die aandringende en volhardende eis van die Swart burgerregbeweging in die VSA vir beter onderwys en rasgeïntegreerde skole. Hierdie fokusse is ten opsigte van die onderwyssituasie in ons eie land nie vreemd nie. Ons ervaar ook huidiglik ons onderwysprobleme as voorwaar 'n kwellende kruistog, en ons bevind ons ook tans in 'n tyd van beroering, waarin probleme rondom ras, politiek, radikalisme en hervorming aan ons onderwysvraagstuk gekoppel word.

Die Swart massaskoolbevolking van die RSA ervaar so 'n intense ontevredenheid en frustrasie met die onderwys wat vir hulle voorsien word, dat hulle dit met die gewraakte benaming "gutter education" tipeer, en dat dit

aanleiding gee tot protesdemonstrasies, geweld en kontra-geweld, en tot die ewe gewraakte wekroep van "bevryding vóór opvoeding".

## 5. Vooruitsigte vir die oplossing van die onderwysprobleem:

Ons kan egter die huidige onderwyskrisis in die RSA ook heel positief beskou : dit bied aan ons 'n geweldige uitdaging en 'n geleentheid eerder as 'n probleem. Die onderwys onder maatskaplike druk vereis dat ons in die afsienbare toekoms aansienlike beleggings sal moet maak en massiewe pogings sal moet aanwend in 'n soeke na oplossings vir ons onderwysprobleme. 'n Nuwe perspektief op die onderwys het dringend noodsaaklik geword, asook 'n radikale heroriëntasie ten opsigte van ons onderwyskonsepte, en 'n radikale en fundamentele herstrukturering, vernuwing en aanpassing van ons bestaande onderwysstelsels.

Breë riglyne vir hierdie noodsaaklike ondewysrevolusie is die volgende:

— die vernuwing en aanpassing van bestaande skoolstelsels, byvoorbeeld deur kurrikulêre innovasies in formele onderwys in te voer wat 'n sterker figurering van samelewingseise in kurrikulums sal bewerkstellig

— uitbreiding en benutting van buite-institusionele onderwysgeleenthede wat beskikbaar is in die gesin, in die gemeenskap en via die massamedia - dit is insidentele en informele onderwysgeleenthede om formele onderwys te verlewendig, te versterk, te ondersteun en aan te vul

— nie-formele onderwys moet voorsiening maak vir die verwerwing van geletterdheid, beroepsopleiding, indiensopleiding, heropleidingsprogramme, ad hoc onderwysbehoeftes — om die gaping tussen onderwysbehoeftes en onderwysvoorsiening te vernou, en sodoende aan ons mannekragbehoeftes te voorsien

— die verbeeldingryke invoer en verwerkliking van vernuwingskonsepte in ons onderwysstrategieë is nodig, byvoorbeeld die gemeenskapskool of gemeenskapsleersentrum, kompensatoriese onderwys, uitsaaionderwys, gemeenskapsonderwys, gemeenskapsvoorligting, volwassene-onderwys, voortgesette onderwys, lewenslange onderwys, loopbaanonderwys en aksienavorsing

— daar moet rekening gehou word met die heterogeniteit van ons skoolbevolking, met die leerderkenmerke en leerbehoeftes van spesifieke leerders uit spesifieke kulturele agtergronde. Ons onderwysstelsels moet dus sodanig verander dat nie slegs die begaafde en milieu-begunstigde leerling optimaal by die onderwys sal baat nie, maar dat elke individuele leerling sy moontlikhede optimaal sal verwerklik — ook die milieu-gestremde leerling. Dit is wat gelyke onderwysgeleenthede vir almal wesenlik beteken. Die vraag is egter of dit nie om 'n diversiteit eerder as 'n gelykheid ten opsigte van opvoedingskanse moet gaan nie.



Bogenoemde breë riglyne dui dus daarop dat ons onderwysopset sodanig sal moet verander dat meer onderwys- en leeraktiwiteite buite die formele onderwysinstellings plaasvind, dat dit meer aan beroepsopleiding gekoppel sal wees, en dat dit meer oor die totale leeftyd van die leerder versprei sal wees..

Ons moet die onderwys beplan vir kinders wat in 'n era van voortdurende en versnelde verandering sal lewe en werk, in 'n situasie van die interafhanklikheid tussen groepe en volkere, te midde van 'n sosio-ekonomiese revolusie, en in 'n era van die opkoms en opheffing van ons Swart bevolkingsgroepe.

Ons het vir die hede en die toekoms mense nodig wat toenemend-ingewikkelde take kan uitvoer, wat selfstandig en kreatief kan dink, wat in nuwe, unieke situasies belangrike beslissinge kan neem — ook ten opsigte van sake waarvan hulle nooit "geleer" het nie, wat geredelik by voortdurende verandering kan inskakel, wat telkens nuwe situasies en nuwe milieus kan hanteer, wat vinnig nuwe samehange in 'n snel-veranderende werklikheid kan insien en wat met hul kennis en bekwaamhede funksioneel kan handel.

Moontlik die grootste uitdaging aan die opvoedkundige in die RSA is die soeke na en ontwerp van effektiewe, omvattende vernuwingstrategieë wat rekening hou met die feit van die onderwys onder maatskaplike druk.

## 6. Gesinsopvoeding onder maatskaplike druk:

Die gesin is die basis en die sentrum van opvoeding én van saamlewe; dit is die sentrale en grondliggende opvoedingsmilieu van die kind. In die gesin word die intiemste verhouding van liefdevolle verbondenheid en pedagogiese onsheid tussen ouer en kind voltrek, en dra die ouers die eerste verantwoordelikheid vir die liggaamlike, psigiese, geestelike en sosiale welsyn van die kind. In geen enkele ander milieu as dié van die gesin het die kind 'n beter waarborg dat hy sy moontlikhede kan verwerklik nie. Die gesin behoort vir die kind 'n oase van liefde, vertroue, veiligheid en versorging te wees in die bisarre menswoestyn wat die maatskaplike lewe tans is.

Die opvoedingsituasie in die gesin kan egter nie los gesien word van die

maatskaplike situasie en van die ontwikkeling van die samelewing nie, of as 'n betreklik geïsoleerde aangeleentheid van opvoeders en opvoedelinge nie. Die gesinsopvoeding word byna volledig deur maatskaplike invloede bepaal, en daar is hedendaags talle samelewingsfaktore wat belemmerend inwerk op die gesinslewe en die gesinsopvoeding.

In so vele gesinne word toegelaat dat skadelike en belemmerende samelewingsinvloede die opvoedingsituasie deurstroom en oorweldig, sodat opvoeder én opvoedeling met 'n stryd tussen opvoedingsinvloede en samelewingsinvloede te kampe het. Daarby is die lede van die moderne kerngesin intens op mekaar aangewese ten opsigte van die vervulling van behoeftes. Die huweliksverhouding en opvoedingsverhoudinge is baie intiem, en word deur intense emosionaliteit gekenmerk: "Omdat die lede van die stadsgesin so intens op mekaar aangewese is en die aandag, gevoelens, emosies en houdings nie oor 'n groter groep mense versprei kan word nie, is die druk op individuele gesinslede baie groot met die gevolg dat probleme, foute, mislukkings, en so meer ook intenser deur die gesinslid beleef word en dikwels uit verband geruk word, met gevolglike drastiese optrede soos byvoorbeeld selfmoord, gesinsmoord, drankmisbruik, verlating en egskeiding" (Hugo, 1985 : 141). Verhoudinge en gesteldhede soos die volgende werk geredelik destabiliserend en opvoedingsbelemmerend op die gesin: gesinsonvolledigheid, geneurotiseerdheid, huwelikspanning, konflik tussen ouer en kind, gesinskrisisse soos armoede, behuisingsnood en werkloosheid.

Die moderne gesin word gekenmerk deur 'n sekere tragiek. Die situasie van die gesin wat worstel om bestendigheid te midde van onbestendige maatskaplike verhoudinge is tragies. Gesinslede wyk van mekaar af, waardeur in ons samelewing die gesin die sosiale spanningsveld by uitstek geword het. Baie gesins- en opvoedingsprobleme kan direk met die huidige maatskaplike struktuur in verband gebring word. Die opvoedingsfunksie van die gesin is nie meer konstant nie, omdat die opvoeding (tot maatskaplike inskakeling) telkens deur veranderinge in die maatskaplike struktuur bepaal word. Dit is die onvermydelike dinamiek in die opvoedingsfunksie van die moderne gesin om telkens toereikende inskakeling by nuwe maatskaplike situasies te bewerkstellig.

As gevolg van veranderinge in die maatskaplike struktuur (industrialisasie en verstedeliking) het daar 'n oorgang vanaf die uitgebreide gesinstruktuur na die kerngesinstruktuur plaasgevind, en "The modern family in transition is rather like an adolescent in search of a new identity in tune with the expectations of today and tomorrow" (Mook).

Die verstedelikte, geïsoleerde kerngesin het in ons samelewing uiters



kwesbaar geword. Die plattelandse grootgesin van die vorige eeu het onder die gesag van die patriarg bestendigheid ervaar. Dit is gekenmerk deur ekonomiese sekuriteit, emosionele sekuriteit, sosiale sekuriteit, rolsekuriteit, pedagogiese sekuriteit en gesinstabiliteit. Hierdie sekerhede het egter kwesbaarhede geword, en die gesinstabilitiet het in gesinslabiliteit verander. Die hedendaagse kerngesin is ekonomies kwesbaar, emosioneel kwesbaar, sosiaal kwesbaar, pedagogies kwesbaar en kwesbaar ten opsigte van roldifferensiasie.

Hierdie kwesbaarheid van die moderne kerngesin het in tallose gevalle aanleiding gegee tot die opvoedingsbelemmerende ontaarding van die gesinslewe en die kommerwekkende disfunksionering van die gesin as sosiale instelling en opvoedingsinstelling.

## 7. Die disfunksionering van die hedendaagse verstedelikte kerngesin:

In ons eietydse, verstedelikte massasamelewing is die opvoeder en opvoedeling sterk onderhewig aan die volgende samelewingsinvloede wat die kwaliteit van die gesinslewe en die gesinsopvoeding kan ondermyn: bevolkingsdigtheid, bevolkingsbeweeglikheid, 'n skaalvergroting, met die gepaardgaande anonimiteit en kontakinflasie, massifikasie, massakommunikasie, normkrisis en 'n gejaagde, gekompliseerde en onbestendige lewe wat neurotiserend op die individu inwerk. "Die geïndustrialiseerde samelewing bring groter heterogeniteit, groter verskeidenheid, maar terselfdertyd groter teenstrydigheid en verwarring veral ten opsigte van normatiewe beginsels. Dié rigtinggewende waardes, norme, tradisies en gewoontes word dikwels ondergeskik gestel aan oppervlakkige en volksvreemde invloede ten opsigte van modes, musiek, films, video's en ander massamedia wat in die stadsamelewing op gekonsentreerde en 'aggressiewe' wyse bemark word en op die stedeling inwerk" (Hugo, 1985 : 142 en 143).

Dit vra nie 'n deskundige om in die lig van die onrusbarende toename in sosiaal-patologiese verskynsels soos kindermishandeling, alkoholisme, dwelmverslawing, selfmoord, gesinsmoord, misdaad, egskeiding, gesinsverbrokkeling, buite-egtelike seksualiteit, geweld, aggressiwiteit en depressiwiteit die geestelike volksgesondheid van ons samelewing te beoordeel nie.

In ons verstedelikte opset is die lede van die gesin aan die volgende negatiewe invloede onderworpe: Die kind word onderwerp aan 'n gejaagde en onpersoonlike leefwyse. Ruimte en privaatheid het hoofsaaklik uit sy lewe verdwyn, met skadelike gevolge vir sy geestesgesondheid. As stads-

en woonstelbewoner het hy kontak met die natuur verloor. Welvaart het gelei tot 'n oppervlakkige, materialistiese ingesteldheid en 'n patologiese najaging van besittings en genot, ten koste van persoonlike kontak in die gesin. Te midde van die drukte van mense is die kind dikwels vereensaam weens 'n gebrek aan werklike eksistensiële kontak en 'n verlies aan medemenslikheid. Verder word hy groot in 'n wêreld waaruit die misterie van 'n Almagtige verdwyn het, en 'n afhanklikheid van die mensgemaakte oorheers. Hy is dikwels 'n geneurotiseerde mens weens die leefpatroon in die stad, gesinslabiliteit en die veelvormigheid en kompleksiteit van kultuurinvloede. Verder is hy deel van die "media-made generation" en is hy sterk onderhewig aan die norme van sy leeftydgenootlike subkultuur (Gresse, 1981 : 13). Omdat sy ouers min tyd vir hom het, bly sy kommunikasie-behoefte onvervul, met die gevolglike spanning, frustrasie, angs, verwarring, eensaamheid en onveiligheid.

Die beroepseise en gejaagde lewe van die vader lei geredelik tot spanningsdruk en die gepaardgaande pogings om dit te ontvlug, met die gevolglike vervreemding van die gesin, buite-egtelike verhoudinge en die afwesigheid van die vader wat sy opvoedingsfunksie betref — die vaderfiguur het in ons samelewing as identifikasiemodel vervaag.

Die emansipasie van die vrou het daartoe aanleiding gegee dat die moeder veelvuldige en dikwels botsende rolle en verantwoordelikhede moet vervul, te wete 'n beroepsrol, huweliksrol, gemeenskapsrol en opvoedingsrol, wat geredelik tot spanning, konflik en frustrasie aanleiding gee.

Die moderne gesin word toenemend demokraties, en selfs permissief; Christelike beginsels word nie meer doelbewus by die kind tuisgebring nie, en hy word dikwels aan homself oorgelaat om die norme en waardes vir sy lewe vas te stel. Hy val dan, net soos sy ouers, maklik ten prooi van die sekularisasie wat in die samelewing heers.

Wanneer ons die ontstellende toename in gesinsverbrokkeling, gesinsdisfunksionering en die algemene ontaarding van die gesinslewe in ons samelewing waarneem, ontstaan die vraag of Vance Packard (1983) se beskouing (ten opsigte van die Amerikaanse situasie), van bedreigde kinders in 'n kind-vyandige kultuur, nie ook in 'n groterwordende mate ten opsigte van ons eie situasie geld nie. Verstedeliking, 'n lewe-in-meervoud en 'n snelle lewenstempo ondermyn die sin vir gesinslewe en gemeenskapslewe wat by ons kinders gekweek moet word. Daar is 'n duidelike verslegting van die kwaliteit van ouerskap waar te neem. Die ouer disfunksioneer in baie gevalle in sy rol om die kind vir volwaardige volwassenheid voor te berei. Kinderopvoeding het vir so baie ouers 'n bemoeilikte opgawe en 'n onhanteerbare uitdaging geword.



Verskynsels wat vir kinders 'n bedreiging inhou is, volgens Packard (1983), die volgende: daar is jaarliks tienduisende kinders wat hulle in 'n egskeidingsituasie bevind en in 'n enkelouergesin beland; die verantwoordelikheid vir die liefdevolle versorging van 'n massa voorskoolse kinders word daagliks op plaasvervangende versorgsters afgeskuif, sodat moeders buitenshuise beroepsarbeid kan verrig; tallose kinders beleef hul tuissituasie as eensaam — die sogenaamde "huissleutelkind" moet die huis se sleutel skool toe dra en smiddags na skool alleen die voordeur oopsluit en die verlate huislike atmosfeer binnetree; so vele kinders ervaar nie die interaktiewe kontak met hul ouers wat so noodsaaklik is vir die kind se opvoeding en sosialisering en vir die vervulling van sy behoeftes nie; 'n massa kinders ontvang meer kommunikasies van die radio en televisie as van hulle ouers: "Television is by far the most important new child-care arrangement of this century", aldus Packard (1983 : 8); tallose kinders moet ouers hanteer wat nie kind-gerig is nie, wat in onsekerheid verkeer oor die ouerlike rol, of wat kinders beskou as hindernisse vir die ouer se individuele vryheid en selfvervulling met betrekking tot sosiale lewe, huwelik en beroep; gevalle van kindermishandeling kom in 'n toenemende mate voor, waar die weerlose kind die gerieflike teiken word vir die ouer se frustrasie, wrewel en geneurotiseerdheid.

In die hedendaagse situasie van die disfunksionerende gesin is die kwesbare kind dus inderdaad die "bedreigde spesie", en ons kan die volgende simptome van kinderbedreigdheid in 'n toenemende mate in ons samelewing waarneem:

- emosionele verwardheid by kinders
- onderprestasie op skool
- onaanvaarbare skoolgedrag en seksuele gedrag
- sosiaal-patologiese verskynsels soos dwelmmiddelmisbruik, jeugmisdaad, jeugselfmoord, bisarre subkulturele groeperinge en jeugvervreemding.

Mook (1986 : 25 en 26) bied die volgende samevatting van die problematiese gesteldheid van die eietydse kerngesin: "... our nuclear family today ... finds itself under intolerable pressures as it struggles to meet its own needs and accommodate to our fast moving society. It is so mobile that it lost contact with its roots and is no longer integrated in its community. In our impersonal, technological society, the family is expected to provide the focus of meaning in life and fulfil the emotional needs of its members to an extent that was never asked of it before. Consequently, the autonomous nuclear family today is overburdened. It finds itself emotionally drained and suffering from a lack of communal support. It has lost its traditional stability and is confused about changing norms and values. Many families break down under these pressures as reflected in our epidemic rate of divorce and family pathology".

8. **Riglyne vir die oplossing van die gesinsproblematiek:**

Die hedendaagse gesin en ook die gesinsopvoeding word aan baie hoë eise en druk onderwerp, en dit is nodig dat die erosie, wat in die gesinslewe plaasvind, teengewerk moet word. Dit stel aan die opvoedkundige en ander geesteswetenskaplikes 'n geweldige uitdaging. Gekoördineerde en omvattende aksieprogramme, wat byvoorbeeld makro-ouerleidingstrategieë kan insluit, moet geïmplementeer word om die gesinsproblematiek op te hef. Praktyke soos die volgende moet uitgebrei word om gesinne in nood te kan help: voorligting en opleiding te opsigte van huwelik, gesinslewe en ouerskap, gesinsverrykingskursusse, huweliksberaad, gesinsterapie, ouerleidinggroepe, egskeidingsbegeleiding, ens.

'n Nuwe waardering vir die huwelik en die gesin het uiters noodsaaklik geword:

— Die samelewing moet daarom bewus gemaak word van die oorsake, aard en omvang van gesinsverbrokkeling.

— 'n Bewustheid van die fundamentele belangrikheid van die gesin en die gesinsopvoeding moet gekweek word.

— Die gemeenskap moet betrokke raak by die gesin, en die gesin by die gemeenskap.

— Die kwaliteit van die huwelik, die gesinslewe en die gesinsopvoeding moet verbeter word.

— Doeltreffende behandeling van gesins- en huweliksdisfunksie is nodig (vergelyk Hugo, 1985 : 143 en 144).

9. **Slotbeskouing:**

Dit het weinig sin om met opvoedingsituasies en opvoedingsdoelstellings besig te wees sonder om tegelykertyd 'n stryd te voer vir 'n beter en menswaardiger samelewing. Ons bestaande samelewing bied onvoldoende waarborg vir 'n menswaardige bestaan vir dié wat daarin lewe. Opvoeding en onderwys moet ook gerig wees op die gunstige verandering van die samelewing.

Om hierdie strukturele veranderinge in die maatskappy te bewerkstellig, moet die volgende drie riglyne gevolg word:

(i) Beplanning van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling moet in 'n veel groter mate deur sosiale kriteria beheers word en op menslike welsyn gerig word, eerder as wat dit op ekonomiese en tegnologiese kriteria gebaseer word, byvoorbeeld stadsboukundige beplanning, industriële beleid, onderwysbeplanning, ruimtelike ordening, ens.



(ii) Die owerhede moet meer aandag skenk aan aangeleenthede soos welsyn, opvoeding, onderwys en hulpverlening, sodat die toereikende opvoeding en voldoende onderwys van die kind in ons maatskappy meer verwerklikbaar word.

(iii) Geesteswetenskaplike navorsing en in die besonder opvoedkundige navorsing moet op veel groter skaal as tot nou toe onderneem word. Dit kos baie geld, maar 'n weiering, om op dié wyse in ons maatskappy te belê, beteken roofbou-pleeg op die samelewing en op die mense wat daarin lewe, en dit kan vroeër of later lei tot ontwrigting en vernietiging van dit wat wel bereik is (Traas, 1974 : 73-75).

Geagte Meneer die Rektor,
Geagte Meneer die Dekaan,

In hierdie rede het ek probeer aantoon dat die opvoeding en onderwys onder maatskaplike druk 'n geweldige uitdaging stel aan die gemeenskap van opvoedkundiges waarvan ek deelgenoot is, en met hierdie rede aanvaar ek die hoofskap van die Departement Psigo- en Sosiopedagogiek. Dat u hierdie amp aan my toevertrou, stem my tot dankbaarheid, en wek by my die begeerte en die voorneme om u vertroue waardig te wees.

Aan die Raad van die Universiteit van Pretoria:

Dit is vir my 'n voorreg om aan hierdie universiteit verbonde te mag wees, en 'n bydrae te mag lewer tot die uitbouing van die Opvoedkunde as wetenskap, ook vir sover as wat dit betekenis mag hê in diens aan die gemeenskap en aan die kind-in-opvoeding.

Aan my kollegas in die Opvoedkunde:

Dankie vir die geleentheid en die voorreg om met u te kan saamwerk. Ek beskou hierdie byeenkoms as die gepaste geleentheid om 'n besondere woord van dank, waardering en erkenning aan my leermeesters en akademiese leiers deur die jare uit te spreek, te wete professore F van der Stoep, W A Landman en M C H Sonnekus. Aan laasgenoemde, my hooggeagte voorganger, bring ek die hulde wat hom toekom, en wens ek hom 'n geseënde aftreetyd toe.

Aan Marietjie en my kinders:

Baie dankie vir u onderskraging deur die jare.

Alle lof, eer en dank aan die Skepper, wat vermoëns en geleenthede skenk.

Dames en Here, dankie dat u my vanaand met u teenwoordigheid vereer het.

## BRONNELYS


Engelbrecht, C S (1986) *Die digotomiese Suid-Afrikaanse samelewingsopset en die opvoedingsimplikasies daarvan.* Pretoria : RGN

Gresse, DA (1981) *Opvoeding vir die dekade 80. Die uitdaging vanuit die maatskaplike hoek gesien.* Pretoria : SAVBO-referaat.

Hugo, E A K (1985) *Die invloed van verstedeliking op die huweliks- en gesinslewe,* in : Van Jaarsveld, F A (Red) : *Verstedeliking in Suid-Afrika.* Pretoria : Universiteit van Pretoria

Johnson, K R (1970) *Teaching the culturally disadvantaged,* Palo Alto : SRA

Mook, B (1986) *Changing patterns of family life : A historical perspective,* in : Psycho Therapeia, Tydskrif vir Psigiatrie en Psigologie, Mei/Junie 1986, Uitgawe 43.

Morrish, I (1980) *The Sociology of Education.* Boston : George Allen & Unwin.

*Onderwysvoorsiening in die RSA* (1981) Pretoria : RGN-verslag

Packard, V (1983) *Our Endangered Children.* Boston : Little, Brown and Company

Pretorius J W M (1986) *Kompensatoriese onderwys — 'n Struktuuranalise en beskrywing.* Pretoria : Universiteit van Pretoria.

Pretorius J W M (1981) *Opvoeding, samelewing, jeug.* Pretoria : JL van Schaik.

Pretorius J W M (1985) *Verstedeliking en die onderwys,* in : Van Jaarsveld, F A (Red) : *Verstedeliking in Suid-Afrika.* Pretoria : Universiteit van Pretoria

Ragan, W B (1976) *Modern Elementary Curriculum.* New York : Holt, Rinehart en Winston

Ravitch, D (1983) *The Troubled Crusade.* New York : Basic Books, Inc.

Traas, M (1974) *Opvoeden tot samen leven.* Nijkerk : Callenbach Uitgewery

Van der Stoep, F (1984) *Non-formal education.* Pretoria : Codex Publishers

Wielemans, W (1984) *Opvoeding en onderwijs onder maatschappelijke druk.* Leuven/ Amersfoort : Acco Uitgewery.




## OPSOMMING


Die gesinsopvoeding en die onderwys verkeer huidiglik onder geweldige druk wat die eise en beïnvloeding van ons snel-veranderende, problematiese en gekompliseerde maatskappy betref. Ons beleef die problematiese ten opsigte van opvoeding en onderwys meer intens as ooit vantevore. Daar is talle probleemareas wat uitdagings aan die opvoeding en onderwys bied. Ons twee belangrikste opvoedingsinstellings, te wete die gesin en die skool, funksioneer egter nie toereikend wat hierdie probleme, eise en verwagtinge betref nie.

Ten opsigte van die onderwys het vernuwing, aanpassing en die uitbreiding van geleenthede noodsaaklik geword. Hoë-kwaliteit onderwys moet 'n positiewe bydrae lewer tot ons maatskaplike sisteme. Wat die gesinsopvoeding betref, moet hulpverleningstrategieë ontwerp en geïmplementeer word.

Die dringende opgawe word aan die opvoedkundige gestel om 'n bydrae te lewer tot die oplossing van ons maatskaplike probleme. Deur opvoeding en onderwys moet vooruitgang en welsyn vir almal verseker word.


## SUMMARY


Education (child rearing in the family as well as institutional education) has come under immense pressure with regard to the demands and influences of our rapidly changing, problematic and complicated society. We experience problems with regard to education more intensely than ever before. There are many problem areas that set a challenge to our educational institutions. Our two most important educational institutions, viz. the family and the school, do not, however, function adequately with regard to these problems, demands and expectations.

With regard to our educational institutions innovation, adaptation and the extension of opportunities have become a necessity. High quality education must make a positive contribution to our social systems. With regard to family problems, strategies for aiding families should be designed and implemented.

The educationist has the urgent task of making a significant contribution toward solving the problems of our society. The progress and well-being of our whole society should be guaranteed through education.